

# ST. LIDIA

## 3 AUGUSTUS

(1<sup>ste</sup> eeu)

Lidia, die purperverkoopster, was 'n heidense vrou uit die Weste van Klein-Asië (moderne Turkye). Ons lees in Handeling: “ 'n Vrou uit die stad Tiatira, 'n purperhandelaar met die naam Lidia, wat God vereer het, het ook geluister, en die Here het haar hart oopgemaak om ag te slaan op wat Paulus gesê het. Nadat sy en haar huishouding gedoop is, het sy by ons aangedring en gesê: “As julle daarvan oortuig is dat ek in die Here glo, kom bly dan in my huis. En sy het ons oorgehaal.” (16:14-15)

